**SUIDERKRUIS GEMEENTE: DOOP PROSEDURE.**

Namens die Kerkraad, leraars en gemeente baie geluk met die nuwe aankomeling in die huisgesin. Ons eer God saam met julle vir hierdie gawe van ouerskap. Ons wil julle ook graag bystaan in die geestelike opvoeding van julle kindjie! Ons as kerkraad het die roeping om oor die sakrament van die Doop toesig te hou en het die volgende huishoudelike reëlings waaraan voldoen moet word alvorens u, u kindjie ten doop kan bring, hier of elders met 'n toestemmingsbrief van die kerkraad.

1. Ouerpare moet die Doopregistrasievorm (Biografiese data) en die Persoonlike Geloofswelstandsvorm voor die Formele Doopkursus by die kerkkantoor inhandig.
2. Beide ouers se Lidmaatskapsertifikate moet ingedien wees
3. Indien een ouer nie 'n Lidmaat van die Ned. Geref kerk of susterskerke is nie, kan doop toestemming alleenlik deur die Kerkraad, op 'n amptelike Kerkraadsvergadering toegestaan word.
4. Nie-lidmate van die Ned. Geref Kerk of susterskerke moet daarop let dat hulle onderworpe is aan die bepalings en voorwaardes van die Ned. Geref Kerk insake erkenning van ander kerke en denominasies.
5. Ouerpare moet een (1) van die vier (4) Formele Doopkursusse per jaar bywoon alvorens hulle kan doop. (*U is wel baie welkom om die Doopkursus voor die geboorte van die kindjie by te woon – dit is baie keer makliker)* Die datums van die Doopkursusse word op die Almanak aangedui – een per kwartaal.
6. Egpare wat hulle kindjie elders wil laat doop moet ook hierdie doopkursus deurloop alvorens 'n toestemmingsbrief deur die Kerkraad uitgereik sal word.
7. Na die bywoon van die Formele doopkursus sal daar 'n persoonlike afspraak met u geskeduleer word deur die leraar wat die spesifieke Doopsondag wat u aangedui het, die erediens hanteer.
8. Tydens die persoonlike afspraak moet die Ouerpare die volgende saam bring:

    a. 'n Foto in enige elektroniese formaat

    b. Doopbelofte wat hulle aan God maak oor hulle kindjie

9. Verdere opvolg gesprekke kan deur die betrokke leraar geskuduleer word indien dit na sy mening nodig blyk te wees.

10. Persone wat tans meer gereeld by ander gemeentes/kerke/denominasies aanbid (eredienste bywoon, by bedieninge betrokke is, bydraes gee) moet 'n aanbevelingsbrief van daardie betrokke gemeente/kerk/denominasie voorlê alvorens hulle toestemming van die Suiderkruis kerkraad sal ontvang om te mag doop.

Namens die Kerkraad van Suiderkruis gemeente!